SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2017

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 uur**

*IAFRFA1*

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | LEESBEGRIP | (30) |
| AFDELING B: | OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: | TAAL | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die onderstaande tydskrifartikel deur en beantwoord die vrae wat volg.

### HOEKOM SO SELF(IE) MAL?

deur Lydia van der Merwe

1 **Dink jy aan 'n *selfie*, dink jy beslis aan Kim Kardashian, die koningin van *selfies*. Maar sy is nie die enigste een nie. Ook jy het seker al 'n *selfie* geneem. Sommige kenners sê dis net pret, ander dink dis 'n vorm van narsisme.**



2 21 Junie was *Selfie*-dag en soos dinge nou gaan, is dit nie die laaste een wat ons gaan vier nie.

3 Want enigiets – wat jy eet, waar jy vakansie hou of net *chill* – word mos deesdae met 'n lang arm met jou slimfoon-kamera afgeneem: met jouself natuurlik prominent as deel van die foto. En dan word dit op Facebook, Instagram of 'n ander sosiale netwerk gelaai om aan die wêreld te wys: Kyk, ek eet! Kyk, ek *chill*! Kyk, ek neem 'n *selfie*!

4 Dis beslis die tyd van die #*selfie*, 'n speelding van ryk en arm. Die feit kom selfs in popliedjies voor. Dink aan die liedjie "*Selfies*" van die Skotse sangeres Nina Nesbitt.

5 G'n wonder die nuustydskrif *Time* het dit einde 2012 as een van die tien top-gonswoorde van die jaar aangewys nie. Die woord is ook in 2013 in die aanlyn-weergawe van die *Oxford English Dictionary* opgeneem.

6 Volgens die selfoon- en kameravervaardiger Samsung is tot 30% van die foto's wat jongmense (tussen 18 en 34) neem, *selfies*. 91% van tieners doen dit gereeld, volgens 'n opname van die Amerikaanse *Pew Research Centre.*

**Ek … Ek … Ek!**

7 Onskuldige pret, net nog 'n manier om jouself uit te druk? Nee, sê 'n tweede groep. Die ontploffing van die *selfie* wys maar net weer ons lewe in 'n buitengewoon **narsistiese era**.

8 *"Narsisme is 'n sieklike vorm van self-liefde: ek … ek … ek ... Ek is byvoorbeeld op Instagram en Facebook en Google+ en Twitter en Snapchat en Viber en en en ...* As jy kyk hoeveel foto's veral jonger mense van hulself op sosiale netwerke plaas, sê dit nogal baie.*"* Teen einde Oktober 2016 is reeds 34,700,000,000 foto's op die sosiale netwerk geplaas.

Kopiereg voorbehou 

9 Volgens Dion Chang het sosiale media die manier verander hoe ons na die wêreld kyk. Dit leer ons om na alles met ŉ nuwe oog te kyk sodat ons dit op die internet kan plaas. Dit word die Facebook-oog-effek genoem.

10 Jou hele lewe kry ŉ "mooi" raampie en jy wys net die perfekte kant. ŉ Studie wys dat Facebook jou daarom depressief kan maak. *Selfies* is net deel daarvan. Jy plaas die fokus **100% op jóú**, sê Dion.

**Hoe lyk die toekoms?**

11 Die einde is nog lank nie daar nie. Dit gaan net aanhou groei. Volgens Dion is ons in ŉ hiper-visuele lewe en ons sien dit op sosiale netwerke. Hy voorspel ŉ reuse groei in Instagram en Snapchat.

12 *Selfies* is die gewildste onder millennials (mense van 18-34 jaar), die generasie wat met die nuwe digitale tegnologie grootgeword het, volgens ŉ opname wat die *Pew Research Centre* in Amerika gedoen het. Sowat 55% van hulle het al ŉ *selfie* op ŉ sosiale media-webwerf geplaas. In vergelyking met net 24% van generasie X (sowat 35–49 jaar), 9% van die *baby boomers* (sowat 50–68 jaar) en 4% van die *silent generation* (sowat 69–87 jaar).

**Gevare**

13 

*Selfies* kan ook jou dood veroorsaak, glo dit of nie. Die meeste *selfie*-dood word veroorsaak wanneer mense van hoë plekke afval terwyl hulle probeer om *selfies* te neem. Die tweede grootste oorsaak van *selfie*-dood is motorongelukke as mense *selfies* neem terwyl hulle bestuur. Baie mense sterf ook in die bul-storm in Mahal in Spanje. Terwyl hulle weghardloop, probeer hulle foto's van hulleself met die bulle in die agtergrond neem!

14 Maar dit is nog lank nie die dood van *selfies* nie. Al hou jou ouers nie daarvan nie, sal jy bly *selfies* neem en dit vir jou maats via WhatsApp stuur of op Facebook plaas.



[Verwerk en verander uit http://www.sarie.com/lewe-liefdes/hieroor-praat-mense/hoekom-selfie-behep]

1.1 Haal EEN woord in paragraaf 1 aan wat na ŉ foto verwys wat jy van jouself neem. (1)

1.2 Hoe word Kim Kardashian beskryf? (1)

1.3 Wanneer word internasionale *Selfie*-dag gevier? (1)

1.4 Hoekom neem jongmense so baie foto's van algemene dinge? Gee TWEE redes volgens paragraaf 3. (2)

1.5 Hoekom, dink jy, is daar liedjies oor *Selfies* gemaak? (Paragraaf 4) (1)

1.6 Verduidelik wat die volgende onderstreepte woord beteken: (1)

*Selfies* is as een van die tien top-***<u>gonswoorde</u>*** van die jaar aangewys.

1.7 Wanneer is die woord *selfies* veral as populêr erken? (1)

1.8 Watter TWEE AGTEREENVOLGENDE WOORDE verwys na *selfies*? (Paragraaf 5) (1)

1.9 *Meer as helfte van die foto's wat jongmense (tussen 18 en 34) neem, is selfies.*

Haal ŉ deel van ŉ sin aan om die stelling as **ONWAAR** te bewys. (1)

1.10 1.10.1 Dink jy tieners neem foto's van hulself vir die pret of uit narsisme?

1.10.2 Motiveer jou stelling in VRAAG 1.10.1. (2)

1.11 Noem EEN manier hoe sosiale netwerke die mens verander het. (Paragraaf 9) (1)

1.12 Hoekom, dink jy, kan Facebook-gebruikers depressief raak? (2)

1.13 Hoekom kom daar twee strepies (akuuttekens) op die woord ***jóú*** voor? (Paragraaf 10) (1)

1.14 Verduidelik in ŉ volsin wat hiper-visueel beteken. (1)

1.15 Hoekom plaas die *silent generation* minder *selfies* as die millennials op sosiale netwerke?(Paragraaf 12) (1)

1.16 Verduidelik die onderstreepte uitdrukking in die volgende sin **in jou eie woorde**.

*Maar dit is nog lank nie **<u>die dood van selfies nie</u>**.* (2)

1.17 1.17.1 Is die volgende stelling 'n MENING of 'n FEIT?

91% van tieners doen dit gereeld, volgens 'n opname van die Amerikaanse Pew Research Centre. (1)

1.17.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

1.18 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter as jou antwoord neer bv. 1.19 E.


*Hoekom so self(ie) mal?* in die titel verwys na mense wat ...

A mal is oor nuwe selfone wat *selfies* neem.
B mal is om die antwoord te weet.
C self mal is.
D mal is om *selfies* van hulself te neem. (1)

**TEKS B: SO VERSKIL NETWERKE SE TARIEWE**

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Verskillende netwerke het verskillende tariewe.




1.19 Watter netwerk se tarief is plaaslik die goedkoopste? (1)

1.20 Hoe weet ons dat Vodafone in Nieu-Seeland en Vodacom in Suid-Afrika dieselfde besigheid is? (1)

1.21 Dink jy dat 8•ta eerlik is met hulle advertensie volgens Grafika 24? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.22 Watter netwerk is die duurste in die buiteland? (1)

1.23 Waarna verwys die asterisk (*) in die titel? (1)

1.24 Hoekom dink jy is die liggrys en die donkergrys blok langs 8•ta dieselfde grootte? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES**

1. Som die SEWE maniere *hoe om minder sout te gebruik*, in jou eie sinne op.
2. Skryf die maniere PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die maniere van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**SLIM MANIERE OM MINDER SOUT TE GEBRUIK**

1 ʼn Hoë soutinname kan tot hoë bloeddruk lei wat hartprobleme kan veroorsaak. Ongeveer een uit elke drie Suid-Afrikaners ontwikkel hoë bloeddruk. Probeer daarom om minder sout te gebruik.

2 Die liefde vir sout is ʼn aangeleerde smaak. As jy gewoonlik ʼn opgehoopte teelepel sout gebruik, gebruik eerder ʼn plat teelepel. Sny dit na ʼn week bietjie af, tot jy na ʼn tyd op ʼn halfteelepel staan.

3 Net soos sout het olie die vermoë om geure uit te bring. Ons het gesonde olies nodig vir die omega 3-vetsure daarin. Gebruik ʼn bietjie olyf-, avokado- of canola-olie oor slaaie en groente in plaas van sout.

4 Kies kruie soos byvoorbeeld pietersielie en tiemie wat ʼn heerlik souterige smaak aan vleis, groente en soutgeregte gee. Dit is ook ryk aan anti-oksidante.

5 Pakkies skyfies, kitskos soos hoenderstukkies en veral die pakkies sous wat daarmee kom, bevat baie sout. Koop soutvrye happies vir jou gesin soos vrugte vir skool en werk.

6 Die meeste gaar groente is so lekker dat dit nie sout benodig nie. Bak jou groente en kyk hoeveel beter is die natuurlike geure sonder dat jy sout hoef te gebruik.

7 Gekoopte pap het baie sout in. As jy self hawermout, mieliepap of muesli maak, kan jy die sout daarin beheer. Tuisgebakte brood, skons, muffins en beskuit bevat ook minder sout as gekoopte gebak.

8 Nog ʼn doeltreffende manier om smake te behou en minder sout te gebruik, is om waterlose potte te gebruik.

[Aangepas en verwerk uit http://www.rooirose.co.za/slim-maniere-om-minder-sout-te-gebruik/]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.

**TEKS D**




3.1 *Kyk ook uit vir hope om te wen!*

Hoe word hierdie stelling in die advertensie beklemtoon? (1)

3.2 Wie is die teikenmark van die advertensie? (1)

3.3 Hoekom word die slengwoorde, *Cool / Coolste*, in die advertensie gebruik? (1)

3.4 Hoekom word die woorde, *kom kuier*, twee maal herhaal? (1)

3.5 Wat, dink jy, beteken die onderstreepte woord in die volgende uitdrukking?

***<u>Oppiebol</u>*** *Afrikaanssprekende voortieners* (1)

3.6 Hoekom, dink jy, is 'n veilige omgewing op die internet belangrik? (1)

3.7 Verander die volgende stelsin na ŉ vraagsin.

Die webwerf is ŉ veilige omgewing vir jong voortieners. (1)

3.8 Hoekom word die prentjies in die advertensie gebruik? (1)

3.9 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.

Voortieners moet die Hoezit-webwerf besoek.

Begin so: Die Hoezit-webwerf ... (1)


3.10 Hoekom word byvoeglike naamwoorde (adjektiewe) soos bv. *opwindende, nuutste, interessante* in die advertensie gebruik? (1)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




4.1 Hoe weet ons dat die kroegman strokie 1 raampie 3 nie die twee mans se bakleiery verstaan nie? (1)

4.2 Hoekom, dink jy, is daar stippels na die man se woorde in strokie 1, raampie 2? (1)

4.3 Hoe weet ons die twee mans in strokies 1 en 3 baklei? (1)

4.4 Wat beteken die donker wolkie bo die man se kop in strokie 2, raampie 1? (1)

4.5 Hoe weet ons dat Andy die woorde in strokie 2 raampie 4 bedoel het? (1)

4.6 ***My hart bloei vir jou?*** (Strokie 2, raampie 5)

4.6.1 Is bogenoemde stelling konnotatief of denotatief gebruik? (1)

4.6.2 Gee ŉ rede vir jou antwoord in VRAAG 4.6.1. (1)

4.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter as jou antwoord neer, bv. 4.7.E.

*My vrou het my vanoggend laat staan* (verwys na strokie 2), beteken ... (1)

A hy moes heeloggend by sy vrou staan.
B sy vrou het by hom gestaan.
C sy vrou het hom gelos.
D hy moes net die oggend buite staan.

4.8 Hoe weet ons dat Fred nie baie gelukkig met Andy se woorde in strokie 2 raampie 7 is nie? (1)

4.9 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

Andy sê aan Fred: “My hart bloei vir jou.” (1)

**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

### TEKS F

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**CHARNÉ RUITERS, WORD GEKEUR OM AAN OPRAH WINFREY SE *LEADERSHIP ACADEMY FOR GIRLS* TE GAAN STUDEER.**

Sy kon dit in haar hart voel: *Hierdie geleentheid is mýne*.

"Ek het nie gestres oor die uitslae nie. Ek het net in my binneste geweet dit gáán uitwerk."

Charné Ruiters, ŉ gr. 7-leerling aan die Primere Skool Belmor in Hanover Park, is gekeur om in 2017 aan Oprah Winfrey se *Leadership Academy for Girls* in Johannesburg skool te gaan studeer.

Sy is een van net ŉ handjievol meisies landwyd wat suksesvol was.

Sy het ŉ keuringstoets in die eerste ronde geskryf. Sy het vir ŉ naweek na Johannesburg opgevlieg vir verdere toetse en onderhoude.

Charné vertel dat dit die eerste keer was dat sy gevlieg het. Sy het ŉ bietjie naar geraak aan die einde van die vlug. Die kos op die vliegtuig is deur haar geniet.

Gedurende die volgende 5 jaar gaan sy vakansietye tussen Johannesburg en Kaapstad pendel.

Sy wens net dat die skool nader aan haar huis is. Sy kan makliker vir haar familie gaan kuier.

Charné het die vorige dag gesê sy hoop om eendag ŉ onderwyseres te word, maar tog is sy bang vir die toekoms.

[Bron: http://www.netwerk24.com/Ontspan/Jip/charne-na-oprah-winfrey-skool-20160918]

5.1 Herskryf die volgende sin deur die korrekte INFINITIEF te gebruik.

Sy kon dit in haar hart voel.

Begin so: Sy behoort dit in ... (1)

5.2 Herskryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD.

Hierdie geleentheid is myne. (1)

5.3 Gee die TEENOORGESTELDE betekenis (antoniem) van die woord tussen hakies. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Sy is een van net ŉ handjievol meisies landwyd wat (suksesvol) was. (1)

5.4 Verbeter die SPELFOUT in die volgende sin. Skryf die korrekte spelling neer.

Charné Ruiters is ŉ gr. 7-leerling aan die Primere Skool Belmor. (1)

5.5 Herskryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.

Sy het ŉ toets in die eerste ronde geskryf. (1)

5.6 VERBIND die woord in hakies. Skryf slegs die korrekte antwoord neer.

Die Leadership Academy for Girls is ŉ (meisie + skool). (1)

5.7 Skryf die volgende sin in die BEDRYWENDE VORM oor.

Die kos op die vliegtuig is deur haar geniet. (1)

5.8 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD **sodat**.

Sy wens net dat die skool nader aan haar huis is. Sy kan makliker vir haar familie gaan kuier. (1)

5.9 Skryf die jaar 2017 in woorde uit. (1)

5.10 Skryf die volgende sin in die DIREKTE REDE oor.

Charné vertel dat dit die eerste keer was dat sy gevlieg het.

Begin so: Charné vertel: "... (2)

5.11 Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD oor.

Sy kan maklik vir haar familie gaan kuier. (1)

5.12 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Charné het (die vorige dag) gesê sy hoop om eendag ŉ onderwyseres te word. (1)

5.13 Skryf die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies neer.

Charné hoop om eendag ŉ onderwyseres te word, maar tog is sy (bang) vir die toekoms. (1)

**TEKS G**

- Die taalvrae wat volg, is op die prent en paragraaf hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.



| | | |
|---|---|---|
| Dit is nasionale braaidag. Ma is die 5.14 (goed) braaier in die buurt. Selfs die hond dink so. | 5.14 Skryf die OORTREFFENDE TRAP van die woord ***goed*** neer. | (1) |
| Sy 5.15 (tong) hang uit van lus vir die lekker wors. Al die 5.16 (mense wat langs hulle woon) het kom saambraai. Die 5.17 (ruik / reuk) van die vleis maak almal baie honger. Die kwyl | 5.15 Skryf die VERKLEINWOORD van die woord ***tong*** neer.<br>5.16 Gee EEN WOORD vir ***mense wat langs hulle woon*****.**<br>5.17 Kies die KORREKTE WOORD. | (1)<br>(1)<br>(1) |
| 5.18 (drup / druip) by die jong man se mond uit. Die 5.19 (rook / stoom) hang bo die braaiskottel. | 5.18 Kies die KORREKTE WOORD.<br>5.19 Kies die KORREKTE WOORD. | (1)<br>(1) |

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**